

**23 Desember**

**Skrifgedeelte: 1 Timoteus 3:14 – 4:5**

**Fokusgedeelte: 1 Timoteus 3:16a**

**Die gemeente is draer en beskermers van die waarheid**

Die gemeente word met drie benamings aangedui: huis van God, gemeente van die lewende God, en pilaar en grondslag van die waarheid. Met die laaste benaming gaan Paulus in vers 16 verder.

Die waarheid is alles wat God in Christus geopenbaar het en wat in die evangelie verkondig word. Hierdie waarheid is in God self gegrondves. Dit het geen menslike steun nodig nie. Tog het die kerk die verantwoordelikheid om die waarheid van geslag tot geslag oor te dra. Die voorganger van die gemeente het die verantwoordelikheid om die hele gemeente tot onverskrokke verdediger van die waarheid aan te spoor. So word die verlossingsvreugde verkondig!

Vol verwondering vir die grootheid van God se genadewerk vat Paulus die inhoud van die waarheid kortliks saam: die verborgenheid van die godsaligheid.

Die verborgenheid (misterie) is aanduiding van die verlossingsplan wat by God verborge was en in Christus tot openbaring gekom het. Dit moet in die geloof aanvaar en beleef word. Die godsaligheid is vrug van 'n innige verhouding met God en 'n lewe wat aan Hom en sy diens toegewy is (godsdien).

Die inhoud van hierdie "misterie" kan met een woord saamgevat word: Christus. In ses reëls van 'n lied besing Paulus hierdie geopenbaarde waarheid van ons godsdien.

Tydens Kersfees let ons veral op die eerste reël: "Hy is geopenbaar in die vlees." Christus het ter wille van ons verlossing die geskiedenis van die mensheid binnegekom as mens. Die Woord het vlees geword.

As beskermers en draers van die waarheid het ons die roeping en voorreg om hierdie waarheid elke dag onbevange te verkondig en uit te leef. Laat ons dit so doen!

*Sing: Skrifberyming 5:1, 2*

*Ds P van Wyk (Pretoria-Noord)*